

Leef anders




Marius Nel is leraar in Doornpoort en is betrokke as navorser by *Communitas* en die US. Sy belangstellings is die Nuwe Testament en die missionale roeping van die kerk.

Inleiding

Leef Anders is 'n geloofsvormingsproses wat Doornpoortgemeente en *Communitas* ontwikkel het. Die doel daarvan is om gelowiges te begelei om hulle geloof binne alle lewensverbande te kan uitleef. Anders as talle gemeentelike kursusse wat lidmate toerus om 'n bepaalde bediening in 'n spesifieke gemeente te verrig (soos katechese of evangelisasie), is die fokus van dié proses op die geestelike vorming van gelowiges.

Kortliks kom *Leef Anders* neer op die vernuwung van gelowiges se “geestelike bedryfstelsel”. Bekende rekenaar-programme soos *Microsoft Word* stel rekenaars in staat om spesifieke take te verrig. Die bedryfstelsel daarenteen (soos *Windows 7*), skep die raamwerk waarbinne die programme funksioneer.

Leef Anders wil aan gelowiges 'n geestelike bedryfstelsel gee wat hulle in staat stel om in al hulle lewensverbande tot eer van die Here te leef. Die onderskeie bedienings van 'n gemeente spruit voort uit die verskillende gawes van die Gees (1 Kor 12:7-11). Daarvan ontvang alle gelowiges een of meer gawe, maar niemand ontvang alles nie. *Leef Anders* gee gestalte aan die vrug van die Gees wat in alle gelowiges se lewe teenwoordig moet wees (Gal 5:22-23). Die vrug van die Gees bepaal die wyse waarop gelowiges hulle verskillende geestelike gawes uitleef (met nederigheid, eerder as met arrogansie).



Om relasioneel te leef

Leef Anders se vertrekpunt is Jesus se samevatting van God se wil vir gelowiges, naamlik dat hulle die Here met hulle hele hart, siel, krag en verstand moet dien en hulle naaste soos hulleself moet liefhê (Luk 10:27). Dié kernuitspraak van Jesus maak dit duidelik dat gelowiges geskape is om relasioneel te leef deurdat hulle in 'n verhouding met *die Here, hulleself, hulle omgewing* en *ander* staan.

Elkeen van dié verhoudings is belangrik. Dit help niks gelowiges het God lief, maar verwens hulle naastes nie. Die geestelike vorming van gelowiges vra daarom dat 'n spesifieke ingesteldheid gekweek en bepaalde geloofsgewoontes bemeester word. Vir dié gewoontes behoort gelowiges mekaar aanspreeklik te hou, want die gewoontes help hulle om doelbewus op 'n nuwe wyse in al hulle lewensverbande te leef.

'n Nuwe ingesteldheid

Vyf beelde binne die *Leef Anders*-proses verwoord die ingesteldheid wat van gelowiges verlang word in die verskillende verhoudings waarin hulle leef.

Skop jou skoene uit (Matt 11:28-30) – Ons verhouding met God



Dié beeld wat spreek van tuiswees by die Here, herinner gelowiges daaraan dat God hulle uitnooi om by Hom rus te vind en die versoening wat Hy vir hulle deur Christus bewerk het, te ontvang. Om jou skoene by God uit te skop, is om te besef

dat jy nie God se slaaf is nie, maar sy kind vir wie Hy soos 'n Vader sorg.

Leef in die voortuin (Sag 8:3-4) – Ons verhouding met die omgewing



Om in die voortuin te leef, is om ruimhartig en gul te leef en jou nie aan die publieke lewe te onttrek nie. Gelowiges leef toenemend net in hulle eie privaat sfeer (die ommuurde agterplaas). 'n Voortuinlewe dui op 'n vry lewe. Dit gaan daaroor om sosiale grense oor te steek, om die natuur te versorg, aan die kultuur deel te neem en verantwoordelikheid te neem vir die welstand van ons land.

Ruik die geur van koffie (Matt 6:26-30) – Ons verhouding met onself



Om die geur van koffie te ruik, is om tyd te maak om die mooi van die lewe doelbewus te geniet. Dit is om oor die wonder van die lewe na te dink en om dankbaar te wees vir wat ons elke dag van God ontvang. Dit vra 'n ingesteldheid van tevredenheid met beide die alledaagse ('n koppie koffie) en die besonderse (die geboorte van 'n kleinkind). Dit is 'n keuse om die skoonheid van die wêreld te vier.

Dek die tafel en gaan sit by iemand anders – Ons verhoudings met ander
Daar is twee groepe mense met wie gelowiges elke dag interaksie het: Die

binnekring van vriende en familie (diegene na wie 'n mens as "ons" verwys) en die kennis en vreemdelinge wat buite dié kring staan (wat "hulle" genoem word). Al twee groepe vra dat gelowiges 'n nuwe ingesteldheid sal hê.

Dek die tafel (Ps 111:2-4) – Ons verhouding met ons binnekring



dek die tafel

Om die tafel te dek, dui op die bewustelike keuse om die verhouding met die wat na aan ons is te waardeer en te verdiep deur spesifieke

gewoontes te volg – soos om eerder aan tafel saam te eet as voor die televisie. Dit vra dat gelowiges waarlik by mekaar teenwoordig sal wees deur hulle los te maak ("unplug") van ander invloede (byvoorbeeld sosiale media).

Gaan sit by iemand anders (Matt 5:44-47) – Ons verhouding met diegene buite ons binnekring



gaan sit by iemand

Om by iemand anders te gaan sit, beteken om uit te reik na diegene met wie ons nie gewoonlik kontak het nie. Dit staan teenoor die gewoonte om net

met diegene wat aan ons bekend is te praat en vra dat gelowiges uitreik na vreemdelinge wat hulle paaie kruis.

Gelooftgewoontes, geloofsonderskeidende vrae en mylpale

Om gelowiges te help om met 'n nuwe ingesteldheid in hulle verskillende verhoudings te leef, fokus *Leef Anders* op 'n verskeidenheid van gelooftgewoontes wat uit die geestelike erfenis van die kerk kom. Dit sluit antieke gebruike wat reeds eeue lank deur die kerk beoefen is én nuwe gewoontes (soos wat die Suider-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes ontwikkel het) in.

Die beoefening van sommige gelooftgewoontes het maklik tot 'n bloot individualistiese, innerlike geloofslawe gelei. *Leef Anders* fokus egter doelbewus op *alle* verhoudings waarin gelowiges staan, en nie net op die verhouding met die self nie. Die gedagte is dat elke gelowige 'n bepaalde gelooftgewoonte kies wat sal help om hulle geloof in elkeen van die verskillende lewensverbande uit te leef.

'n Verdere belangrike aspek van die proses is dat daar telkens mylpale gestel word. Dit help gelowiges om hulle geloofsgroei te beoordeel. Die belangrikste mylpale of toetssteen of

gelowiges wel 'n bepaalde gelooftgewoonte beoefen, is die vraag of hulle dit vir meer dae beoefen as wat hulle dit nie beoefen nie (die "4/7-beginsel"). By elke gelooftgewoonte is daar enkele geloofsonderskeidende vrae wat gelowiges help om na God te luister en raak te sien hoe Hy in hulle lewe aan die werk is.

● **Om jou skoene by God uit te skop.**

Gelooftsonderskeidende vrae: Wie is God en hoe is Hy by my teenwoordig?

Gelooftgewoontes: Die gebed van die hart, die verwelkomende gebed (wat bewustelik op ons seer fokus), om dagboek te hou en die *Lectio Divina* te beoefen.

Mylpale: Om vier dae 'n week vir 15 minute plus stil te word in God se teenwoordigheid.

● **Om in die voortuin te leef.**

Gelooftsonderskeidende vrae: Waar is God reeds besig in my omgewing om te werk en waar nooit Hy my uit om met Hom mee te werk?

Gelooftgewoonte: Om doelbewus nuwe ruimtes te betree en nuwe ervarings te beleef (byvoorbeeld om 'n ander roete huis toe neem), om jou *vocatio* te ontdek (dié gelooftgewoonte help gelowiges om hulle werk as roeping te verstaan).

Mylpale: Om vreugde te vind in nuwe ervarings en om nuwe ontmoetings te hê.

● **Ruik die geur van koffie.**

Gelooftsonderskeidende vrae: Waarmee seën die Here my nou in my lewe?

Gelooftgewoontes: Die "examen"-gebed, om bewustelik na te dink oor die lewe en om dagboek te hou van alles waarvoor ons dankbaar is.

Mylpale: Om vreugde te vind in die besonderse van elke dag en om dit wat jy het dankbaar te geniet.

● **Dek die tafel.**

Gelooftsonderskeidende vrae: Wie is die spesiale mense wat God oor my pad stuur met wie ek die lewe op 'n intieme wyse deel?

Gelooftgewoonte: Om die eerste paar minute van ons tuis-koms weer met mekaar kontak te maak (ons deel ons hoogte- en laagtepunt van die dag met mekaar), om saam-eet 'n fees te maak, asook die viering van familiefeeste (verjaarsdae, dooherinnerings).

Mylpale: Om elke dag met mekaar kontak te maak, een keer 'n week die tafel te dek en gereeld as familie iets saam te vier.

● **Gaan sit by iemand anders.**

Gelooftsonderskeidende vrae: Na wie toe stuur die Here my?

Gelooftgewoonte: *Wandel in die wêreld* en om ander doelbewus te groet en met 'n onverwagte genadedaad te seën.

Mylpale: Om elke kwartaal ons verhoudings te verdiep deurdat vreemdelinge kennis word, en kennis vriende.

Die praktiese implementering van die proses

Die *Leef Anders*-proses begin deurdat die verskillende leefstylgewoontes geïdentifiseer en in ooreenstemming met die gemeentevisie gebring word. Hierop word leiers geïdentifiseer wat self die dissiplines wil beoefen. Dié dissiplines word op 'n naweek-kamp aangeleer.

Ná die kamp verdeel die deelnemers in groepe van vier. Dit funksioneer as ondersteuningsgroepe vir die deelnemers oor 'n periode van 100 dae van in-oefening.

In die groepe identifiseer elkeen die spesifieke gelooftgewoontes waaraan hulle hulleself wil verbind. Die idee is om in elkeen van die verskillende verhoudings minstens een gelooftgewoonte te identifiseer.

Die kleiner groepe moet mekaar weekliks ontmoet vir ondersteuning, terwyl al die groepe elke drie weke bymekaar kom om mekaar met raad en ondersteuning by te staan.

Die 100-dae tydperk sluit af met 'n viering en nadenke oor hoe lidmate se leefstyl in dié tydperk verander het. Hierop word nuwe leiers geïdentifiseer om 'n volgende groep gemeentelede in die inoefening van die *Om anders te leef*-dissiplines te begelei.

Die volgende lesse is reeds in die praktyk geleer:

- Gelowiges is geneig om te veel dissiplines gelyktydig te wil aanleer. Daar moet daarom eerder gekonsentreer word om minder, meer gereeld in te oefen.
- Die tweede week is moeiliker as die eerste week en daarom is die kleingroepbyeenkomste so belangrik.
- Die vrug van die dissiplines – 'n nuwe leefstyl – kom eers ná minstens vier weke na vore.
- Die meeste mense ervaar teleurstellings op die pad van 'n leefstylverandering en is dan geneig om tou op te gooi. Hoe eerliker ons oor ons teleurstellings is, hoe makliker oorkom ons dit. Dit is waarom die klein- en grootgroepe so belangrik is.
- Die fokus op al die verskillende gewoontes help ons om die groter prentjie in gedagte te hou en nie te verval in die dissiplines as 'n doel op sigself nie.

(*grafika deur Nico Simpson)